

## MELROSE-HUIS AS BRITSE HOOFKWARTIER TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG<sup>1</sup>

**Fransjohan Pretorius**

*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria  
Pretoria, 0002*



**Figuur 1: Melrose-huis**

Uit: [http://en.wikipedia.org/wiki/Melrose\\_House](http://en.wikipedia.org/wiki/Melrose_House)

(Foto: Jungle Key)

### **Melrose House as the British headquarters during the Anglo-Boer War**

Shortly after the British occupation of Pretoria on 5 June 1900 during the Anglo-Boer War, Melrose House, residence of businessman George Heys in Jacob Maré Street, became the residence and headquarters, first of Lord Roberts as British commander-

<sup>1</sup> Finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NRF, Incentive Funding), word hiermee met dank erken.

in-chief in South Africa, and from November 1900 of his successor, Lord Kitchener. In this house Roberts and Kitchener planned the strategy of the war and ensured the execution thereof. From this house telegrams were sent to their officers in the field in all corners of South Africa and to the authorities in London, and reaction poured in to keep Roberts and Kitchener informed of affairs in the operational areas or the government circles in London. In effect, Melrose House “experienced” the last two years of the war. For these reasons this article provides a fresh look at the highlights and the low points that Melrose House and its occupants experienced during the Anglo-Boer War, with, as climax, the signing of the Peace of Vereeniging in the dining room on 31 May 1902. An important conclusion is drawn about the exact position of each signatory, because there might be incorrect perceptions in this regard.

**Key words:** Anglo-Boer War, George Heys, Lord Kitchener, Lord Milner, Lord Roberts, Melrose House, Peace of Vereeniging, Pretoria, telegraphy

### **Melrose-huis as Britse hoofkwartier tydens die Anglo-Boereoorlog**

Melrose-huis (**Figuur 1**), die woning van die sakeman George Heys in Jacob Maréstraat, Pretoria, was kort ná die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 die woning en hoofkwartier van eers lord Roberts as Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika, en sedert November 1900 van sy opvolger, lord Kitchener, tydens die Anglo-Boereoorlog. Uit hierdie huis het Roberts en Kitchener die strategie vir die oorlog beplan en gesorg vir die uitvoering daarvan. Uit dié huis is telegramme aan hulle offisiere in die veld in alle uithoeke van Suid-Afrika en hulle owerhede in Londen uitgetimmer, en het reaksie van oraloer ingestroom om Roberts en Kitchener op hoogte van sake op die operasionele terrein of in die regeringsale in Londen te hou. Hierdie huis het dus as ’t ware die laaste twee jaar van die oorlog “beleef”. Om daardie redes kyk hierdie artikel met ’n vars blik na hoogte- en laagtepunte wat Melrose-huis en sy opperbevelhebber-bewoners gedurende die Anglo-Boereoorlog beleef het, met as klimaks die ondertekening van die Vrede van Vereeniging in die eetkamer van Melrose-huis op 31 Mei 1902. ’n Belangrike gevolgtrekking word gemaak oor die presiese posisie van elke ondertekenaar, aangesien verkeerde perspesies in dié verband mag bestaan.

**Sluutelterm:** Anglo-Boereoorlog, George Heys, Lord Kitchener, Lord Milner, Lord Roberts, Melrose-huis, Pretoria, telegrafie, Vrede van Vereeniging

## Proloog

Dit ly geen twyfel nie dat Melrose-huis sy bekendheid en status as een van Pretoria se toeristebestemmings te danke het aan die feit dat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 hier deur die verteenwoordigers van die Britse, Transvaalse en Vrystaatse regerings onderteken is. Maar Melrose-huis was natuurlik ook kort ná die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 die woning en hoofkwartier van eers lord Roberts as Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika, en sedert 29 November 1900 van sy opvolger, lord Kitchener. Uit hierdie huis het Roberts en Kitchener die strategie vir die oorlog beplan en gesorg vir die uitvoering daarvan. Uit dié huis is telegramme aan hulle offisiere in alle uithoeke van Suid-Afrika en hulle owerhede in Londen uitgetimmer, en het reaksie van oraloor ingestroom om Roberts en Kitchener op hoogte van sake op die operasionele terrein of in die regeringsale in Londen te hou. Hierdie huis het dus as 't ware die laaste twee jaar van die oorlog "beleef".

Hierdie studie ondersoek dus kortliks die geskiedenis van Melrose-huis en sy eienaar, George Jesse Heys, en gesin, en neem vervolgens as fokus die gebeure van die Anglo-Boereoorlog in oënskou soos wat dit uit Melrose-huis ervaar is. In hierdie proses word ook gekyk na die telegrafiese verbindinge wat tussen Roberts en Kitchener in Melrose-huis met hulle hoër gesag in Londen, en met hulle ondergeskikte offisiere in die veld bestaan het. 'n Studie word ook gemaak van die presiese posisie van elke ondertekenaar van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 in die eetkamer van Melrose-huis, aangesien verkeerde perspesies waarskynlik in dié verband bestaan.

## Melrose-huis en die Heys-gesin

Melrose-huis was die woning van die sakeman George Jesse Heys en sy Brits-gebore vrou, Emma Jane (Janie), en hulle drie dogters. George Heys is in 1852 in Durban as seun van 'n Britse immigrant gebore en het in 1879 na Pretoria verhuis, twee jaar nadat Brittanje die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) geannekseer het. Tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog het hy in die Pretoria Rifles diens gedoen wat Pretoria teen 'n Boere-beleg beskerm het.<sup>2</sup>

As winkeleienaar en vernuftige sakeman het Heys spoedig welvarend geword, sodat hy en Edmund Bourke teen 1882 'n koetsmaatskappy, genaamd Geo. Heys and Company, opgerig het. Gou is die koetsroetes van Pretoria na die diamantstad Kimberley opgevolg met roetes na die goudstad Johannesburg, die gouddorpie Barberton, Lydenburg en Pelgrimsrust via Machadodorp, na Pietersburg in Noord-

<sup>2</sup> B. Theron, George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria, *Historia* 50(2), November 2005, pp. 119-131.

Transvaal, en na Charlestown in Natal. Met pres. Paul Kruger was Heys op goeie voet. Ofskoon Brittanje sy eerste lojaliteit was, het hy hom sodanig met die ZAR vereenselwig dat volle burgerskap in 1891 aan hom toegeken is.<sup>3</sup>

In 1885 het Heys twee erwe op die suidoostelike hoek van Jacob Maré- en St. Andriesstraat, oorkant die Botaniese Tuin (reeds voor die Anglo-Boereoorlog bekend as Burgerspark), aangeskaf om sy nuwe woning te bou. 'n Londense argitek, W.T. Vale, het Melrose Villa, soos die huis eers genoem is, ontwerp. Dit is vernoem na Melrose Abbey in Skotland, waar die Heyse eens op besoek was. Soos met Sammy Marks se huis op Swartkopjes, is spesifieke boumateriaal, meubels en ornamente uit Engeland met moeite met ossewaens van Durban na Pretoria aangekarwei. Teen die einde van 1886 het die Heys-gesin die imposante laat-Victoriaanse woning betrek. In 1889 en 1890 is die twee erwe agter die huis wat op Scheidingstraat gefront het, ook aangeskaf, en is die stalle (koetshuis) in die suidoostelike hoek opgerig. In die 1890's is die huidige kombuis, die blommehuis en die biljartkamer aangebou en die eetkamer in grootte verdubbel. Terselfdertyd is die naam na Melrose-huis verander.<sup>4</sup>

### **Melrose-huis as woning en hoofkwartier van lord Roberts**

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 is Heys – ietwat verskeur in sy sterke lojaliteit teenoor Brittanje en 'n Republiek wat vir hom in sy lewe geleenthede geopen het – as burger van die Republiek toegelaat om met sy sakebedrywighede voort te gaan, waarvan die koetsfirma nie deel was nie, aangesien dit sedert die koms van die treinspoor na Pretoria en die Witwatersrand nie meer gefunksioneer het nie.<sup>5</sup>

Op 5 Junie 1900 het lord Roberts as opperbevelhebber van die Britse magte Pretoria beset. Aanvanklik het hy sy intrek in die Britse Residensie op die noordwestelike hoek van Rissik- en Mearsstraat geneem<sup>6</sup> – die huis waar die Britse gesant, sir William Cunningham Greene, die Kruger-ultimatum op 9 Oktober 1899 ontvang het.

Dit was ook in die Britse Residensie waar Roberts een van die grootste teenslae van die Britte in die oorlog moes ervaar, toe genl. C.R. de Wet op 7 Junie 'n groot

<sup>3</sup> B. Theron, *George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria* (2005), pp. 119-131.

<sup>4</sup> B. Theron, *George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria* (2005), pp. 119-131; V. Allen, *Kruger's Pretoria: Buildings and personalities of the city in the nineteenth century* (A.A. Balkema, Cape Town, 1971), pp. 169-177.

<sup>5</sup> B. Theron, *George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria* (2005), p. 134.

<sup>6</sup> Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), A2044, Houer 1, South African War 1899-1902, Confidential Telegrams, No. 275, Roberts – Secretary of State for War, 23.06.1900, p. 182.

hoeveelheid Britse voorrade wat by Roodewalstasie in die Oranje-Vrystaat opgehoop het, gebuit en die telegrafiese verbindingslyn met Kaapstad verniel en agtien kilometer se reinspore opgebreek het. Deurdadig telegrafiese kommunikasie slegs met moeite en heelwat vertragings via Natal kon geskied, was Roberts in sy uur van triomf feitlik van die buitewêreld afgesny. Hy moes die slag van Diamond Hill (Donkerhoek) op 11 en 12 Junie 1900 sonder kommunikasie met die buitewêreld voer. Eers op 14 Junie is kommunikasie herstel.<sup>7</sup> Die ongerief wat dit veroorsaak het so kort ná die inname van Pretoria blyk duidelik uit Roberts se woorde aan lt.-genl. T. Kelly-Kenny op Bloemfontein: “It is a great nuisance being cut off from communication with the outer world, as we have been the last fortnight.”<sup>8</sup>

In reaksie op De Wet se bedrywighede aan die Bloemfontein-Pretoriaspoorlyn het Roberts ook op 16 Junie 1900 uit die Britse Residensie die verskroeiende aardebeleid van stapel gestuur toe hy ’n proklamasie uitgevaardig het met die waarskuwing: “The houses in the vicinity of the place where the damage is done will be burnt and the principal residents will be made prisoners of war.” Roberts kon hom geen beter uitvoering van sy dreigement voorstel nie as dat De Wet se opstal as eerste voorbeeld dien,<sup>9</sup> en dieselfde oggend is die opstal op sy plaas Roodepoort naby Roodewalstasie afgebrand.<sup>10</sup> Hierdie beleid het tot die konsentrasiekampstelsel gelei, aangesien Roberts die hawelose vroue en kinders (“undesirables”) na kampe vervoer het waar Boere wapenneerlêers en hulle gesinne sedert minstens September 1900 byeengebring is.<sup>11</sup>

Intussen het ontwikkelinge rondom Melrose-huis die weg gebaan vir Roberts (**Figuur 2**) om die imposante woning as sy hoofkwartier te betrek. Met die Britse besetting van Pretoria het George Heys sy huis tot die beskikking van die nuwe militêre goewerneur, sir John Maxwell, gestel. Daar was reeds ’n presedent vir die aanbod. In Junie 1893 het hy die huis aan die Transvaalse regering aangebied – en is die versoek aanvaar – as verblyf vir die besoekende Britse Hoë Kommissaris, sir Henry Loch.<sup>12</sup> Maxwell het Melrose-huis betrek, maar dit op 23 Junie ontruim, met

<sup>7</sup> F. Pretorius, Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet, *Christiaan de Wet-Annale* 4, 1976 (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein), pp. 6-8.

<sup>8</sup> TAB, A2044, Houer 3, South African telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, II, Roberts – T. Kelly-Kenny, 16.06.1900, p. 111.

<sup>9</sup> TAB, A2044, Houer 3, South African telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, II, Roberts – Kitchener, 14.06.1900, pp. 105-106.

<sup>10</sup> TAB, A1643, Lord Roberts-versameling, Lord Roberts Papers, 35, No. A. 942, Methuen – Roberts, 16.06.1900, p. 128.

<sup>11</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Don Nelson, Kaapstad, 1985), p. 56.

<sup>12</sup> V. Allen, *Kruger's Pretoria* (1971), p. 177.

die bedoeling en suggestie aan Heys dat hy die huis vir Roberts moet bied.<sup>13</sup> Heys het aan die versoek voldoen, en lord en lady Roberts met hulle twee dogters het Melrose-huis op 24 Junie betrek. Heys het tot en met sy vertrek na Engeland in Junie 1901 'n huis van I.E. Stegmann, 'n prokureur van Pretoria, gehuur.<sup>14</sup>

Roberts het inderdaad ook die adres van sy telegramme aan lord Lansdowne as Minister van Oorlog tot 23 Junie as Pretoria Residency aangee, en van die volgende dag af net as Pretoria.<sup>15</sup> Van nou af sou Melrose-huis die oorlog beleef soos die Britse opperbevelhebber dit sou beleef.

Daarvoor was goeie kommunikasie nodig, soos die terugslag ná Roodewal bewys het. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was die telegrafiese kommunikasie onder beheer van die direkteur, kol. R. Hippisley, R.E. Uit Melrose-huis was Roberts feitlik voortdurend met 'n permanente lyn in telegrafiese kommunikasie met sy aanvoerdere in die veld. Die totale draadafstand wat die Britse Telegraph Division in die loop van die oorlog gelê het, uitsluitend telefone en die 15 032 km gebuie permanente telegraafdraad wat herstel en weer in diens gestel is, was 29 178 km. Die aantal telegraafboodskappe wat in hierdie tyd gestuur en ontvang is, was 13.5 miljoen. Twee stelle van die Wheatstone outomatiese snelspoed-instrumente, wat vir die eerste keer in oorlog gebruik is, het hierdie groot volume gehanteer. Met lord Kitchener se blokhuisstelsel sedert Januarie 1901 in werking, is die hele operasionele gebied in vier telegraafdele verdeel, elk onder 'n offisier wat verantwoordelik was vir die permanente telegraaflyn en die veldwerk van die kolonne wat in sy gebied geopereer het. Vier distrikte is geskep met direkte verbintenis met Melrose-huis – Transvaal, Oranjerivierkolonie, die Kaapkolonie en Natal.<sup>16</sup> Dat dit nie altyd sukses gebring het nie, sal hier onder aangeroe word.

In die guerrillafase van die oorlog het die telefoon ook 'n nuttige instrument geword. Elke blokhuislyn is met telefone toegerus, wat behels het dat 14 978 km en 1 945 telefone geïnstalleer is. Die meeste belangrike dorpe het oor 'n telefoonstelsel met 'n sentrale beskik. In talle gevalle het volledige telefoonkommunikasie tussen die verskillende poste en Melrose-huis bestaan.<sup>17</sup>

<sup>13</sup> My dank aan Ian Cowie van Pretoria vir die beskikbaarstelling van genl.maj. Maxwell se brief van 23 Junie 1900 aan George Heys (Geo J. Heys-versameling).

<sup>14</sup> B. Theron, *George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria* (2005), pp. 134-135.

<sup>15</sup> TAB, A2044, Houer 1, *South African War 1899-1902. Confidential Telegrams*, No. 275, Roberts – Secretary of State for War, 23.06.1900, p. 182 en No. 282, Roberts – Secretary of State for War, 24.06.1900, p. 182.

<sup>16</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Scarecrow Press, Lanham, Maryland, 2010), pp. 99-101.

<sup>17</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (2010), pp. 101-102.



**Figuur 2: Lord Roberts op die stoep van Melrose-huis**

(Uit: *Tony McGregor, "Melrose House, historic Pretoria home"*,  
<http://hubpages.com/hub/Melrose-House-historic-Pretoria-home>)

Tydens sy verblyf in Melrose-huis het Roberts drie verslae van militêre aktiwiteite aan die Minister van Oorlog, lord Lansdowne, uit Melrose-huis gelewer, naamlik op 14 Augustus 1900,<sup>18</sup> 10 Oktober 1900,<sup>19</sup> en 15 November 1900.<sup>20</sup> Hy het van die aspekte wat hierin aangeroe is, vroeër, tydens die gebeure self, in vertroulike telegramme aan Lansdowne deurgegee.

Roberts het in sy vertroulike telegramme aan Lansdowne nie op alle militêre aktiwiteite kommentaar gelewer nie. Die eerste belangrike militêre gebeurtenis wat hy die moeite werd geag het om die Minister van Oorlog by te betrek sedert hy na Melrose-huis verhuis het, was genl. Koos de la Rey se verrassende verskyning wes van Pretoria en dié se oorwinning oor kol. H.R. Roberts met sy afdelings van die

<sup>18</sup> TAB, A2044, Houer 2, South African Despatches, Vol. II, pp. 1-12.

<sup>19</sup> TAB, A2044, Houer 2, South African Despatches, Vol. II, pp. 44-56.

<sup>20</sup> TAB, A2044, Houer 2, South African Despatches, Vol. II, pp. 99-109.

Lincolnshire en Scots Greys regimente by Silkaatsnek in die Magaliesberg op 11 Julie 1900. Dit was skaars 30 km wes van die Britse hoofkwartier. In geen onsekere taal nie het hy die bevelvoerder van die Scots Greys by Rietfontein by Lansdowne verklaar vanweë sy “neglect of proper precaution”, omdat hy nie sy verspreide kolonnes in die Magaliesberg beskerm het nie.<sup>21</sup>

Vervolgens het die eerste dryfjag op De Wet tussen 15 Julie en 14 Augustus 1900 Roberts se tyd feitlik volkome in beslag geneem. Telegramme na en van bevelvoerders in die veld op De Wet se spoor of wat hom iewers vorentoe voorgelê het, het teen ’n verbysterende tempo die telegraaflyne na en van Melrose-huis warm gehou. De Wet het egter op behendige wyse, bygestaan deur uitstekende verkenning en sy eie heliografies bekomme inligting, daarin geslaag om die Britse vangnet voortdurend te ontwyk. Hiertoe het die gebrekkige Britse kommunikasie ruimskoots bygedra. Om met ’n snelbewegende vyand soos De Wet af te reken, was doeltreffende kommunikasie aan Britse kant ’n voorvereiste. Roberts moes uit Melrose-huis iedere Britse aanvoerder in die veld presies kon inlig waar hy samewerking of voorrade kon verwag, al dan nie, en die bewegings van De Wet en opdragte in dié verband onmiddellik aan hulle in die veld deurstuur om sukses te verseker.

Dit blyk egter duidelik dat die Britse kommunikasie tydens die dryfjag al te dikwels nie aan hierdie vereistes voldoen het nie. De Wet is telkens in ’n kritieke stadium vryheid van beweging gegun wat hy nie onbenut gelaat het nie. Na gelang die dryfjag oor die glooiings van die Vrystaat, die heuwels in die Vredefortkoepel aan die Vaalrivier en die brandende wintergras van Wes-Transvaal gevorder het, het al hoe meer Britse aanvoerders met hulle troepe in die agtervolging van De Wet betrokke geraak. Hulle het een na die ander kommunikasieprobleme ondervind of as gevolg van gebrekkige kommunikasie ’n verkeerde of vertraagde maneuer uitgevoer en toe De Wet al veilig noord van die Magaliesberg was, het hy die Britse kommunikasiestelsel oorhoops agtergelaat. Die probleem was dat die inligting wat Roberts in Melrose-huis van De Wet se agtervolgers ontvang het, in die meeste gevalle berus het op die bewegings van De Wet van vier en twintig uur of soms twee dae tevore, en dat die inligting en opdragte wat uit Melrose-huis aan inwagende aanvoerders deurgegee is, dienooreenkomstig verouderd was, sonder dat die aanvoerders daarmee rekening gehou het.<sup>22</sup>

<sup>21</sup> TAB, A2044, Confidential Telegrams, No. 287, Roberts – Secretary of State for War, 13.07.1900, p. 184.

<sup>22</sup> F. Pretorius, Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet, *Christiaan de Wet-Annale* 4 (1976), pp. 182 en 192. Kyk byvoorbeeld TAB, A2044, Houer 3, South African telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, IV, No. C. 3403, Roberts – Ian Hamilton, 8.8.1900, p. 6; No. C. 3483, Roberts – Ian Hamilton, 11.08.1900, p. 17; No. C. 3542, Roberts – Ian Hamilton, 13.08.1900, p. 25.



Die eerste dryfjag op De Wet het inderdaad ook Roberts se beoogde operasie teen genl. Louis Botha langs die Delagoabaaispoorlyn vertraag. Waar hy op 13 Julie nog van mening was “[that] it is not desirable to defer that move [against Botha in the eastern Transvaal] any longer”,<sup>23</sup> en hy op 24 Julie na Balmoral opgeruk het, het hy twee dae later weer na Melrose-huis teruggekeer, en was hy eers na afloop van die dryfjag in staat om sy volle aandag aan die opmars ooswaarts te skenk.<sup>24</sup> Hy moes trouens eers wag dat lord Kitchener uit Wes-Transvaal terugkeer waar hy vergeefs gepoog het om De Wet te vang, voor hy Pretoria op 24 Augustus verlaat en by sy magte in die omgewing van Machadodorp aangesluit het.<sup>25</sup> Hier het die slag van Bergendal sedert 21 Augustus gewoed. Roberts se anneksasie van die Transvaal op 1 September 1900<sup>26</sup> het dus nie uit Melrose-huis gekom nie, maar is in die omgewing van Machadodorp uitgereik.

Een van Roberts se laaste suksesse voor sy terugkeer na Londen op 29 November 1900 was die verrassingsaanval deur kol. Philip le Gallais op De Wet en die Vrystaatse regering op 6 November 1900 naby Bothaville. Ofskoon Le Gallais dodelik gewond is, het sy mag die Boere – wat deur hulle brandwag in die steek gelaat is – vroegoggend oorompel. Boereverliese was sewentien dood en 114 krygsgevangenes, waarvan sewentien gewond was. De Wet, pres. M.T. Steyn en ’n gewonde genl. C.C. Froneman het met die res van die Boere ontkom.<sup>27</sup> Hierdie suksesvolle aanslag moes Roberts oneindige genoegdoening verskaf het. Nogtans het hy geen korrespondensie met die nuwe Minister van Oorlog, St. John Brodrick, daaroor aangeknoop nie.

### **Kitchener neem sy intrek in Melrose-huis**

Op 29 November 1900 het lord Kitchener (**Figuur 3**) sy intrek in Melrose-huis geneem en aan Brodrick in Londen getelegrafeer: “I have to-day taken over the command from Lord Roberts, who left this morning for Natal”.<sup>28</sup> ‘n Mens sien die indrukwekkende figuur met sy staalblou oë en bonkige skouers by die voorste trappies opstap, Melrose-huis binnegaan en onmiddellik links draai na die “morning room”,

<sup>23</sup> TAB, A2044, Houer 3, South African telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, III, No. 2720, Roberts – Buller, 13.07.1900, p. 61.

<sup>24</sup> TAB, A2044, Confidential Telegrams, No. 308, Roberts – Secretary of State for War, 18.08.1900, p. 193; F. Pretorius, Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet, *Christiaan de Wet-Annale* 4 (1976), p. 197.

<sup>25</sup> TAB, A2044, Confidential Telegrams, No. 308, Roberts – Secretary of State for War, 23.08.1900, p. 194.

<sup>26</sup> Blue Books, Cd 426, Proklamasie No. 15 van 1900, 01.09.1900, p. 16.

<sup>27</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Scarecrow Press, Lanham, Maryland, 2010), p. 54.

<sup>28</sup> TAB, A2044, Confidential Telegrams, No. 389B, Kitchener – Secretary of State for War, p. 224.

waar hy sy hoofkwartier ingerig het,<sup>29</sup> of die vertrek langsaan – vandag die groot uitstalkamer – waar hy strategie met sy staf beplan het, of na sy slaapkamer langsaan – vandag die klein uitstalkamer.<sup>30</sup>

Soos Roberts het Kitchener gereelde verslae uit Melrose-huis aan die Minister van Oorlog – in sy geval St John Brodrick – deurgestuur. Sy eerste was op 8 Maart 1901, met opvolgverslae op 8 Mei, 1901, 8 Julie 1901, en daarna maandeliks op die agtste dag tot 8 April 1902. Sy laaste verslag was op 23 Junie 1902, maar dit was reeds uit Kaapstad, drie dae nadat hy Melrose-huis verlaat het.<sup>31</sup> En soos Roberts het hy oor sekere gebeure onmiddellik per vertroulike telegram aan die Minister van Oorlog verslag gedoen.



**Figuur 3: Lord Kitchener**

(Uit: <http://www.google.co.za/imgres?imgurl=http://pinetreeweb.com/kitchener-master.jpg&imgrefurl=http://pinetreeweb.com/wilson-11-defeat-03.htm&h=443>)

<sup>29</sup> Tony McGregor, “Melrose House, historic Pretoria home”, <http://hubpages.com/hub/Melrose-House-historic-Pretoria-home>.

<sup>30</sup> <http://www.melrosehouse.co.za/events/schools.htm>.

<sup>31</sup> TAB, A2044, Houer 2, South African Despatches, III, 8.3.1901, pp. 28-37, 8.5.1901, pp. 53-64, 8.7.1901, pp. 87-101, 8.8.1901, pp. 127-137, 8.9.1901, pp. 166-179, 8.10.1901, pp. 189-200, 8.11.1901, pp. 253-261, 8.12.1901, pp. 349-357, 8.1.1902, pp. 375-386, 8.2.1902, pp. 391-400, 8.3.1902, pp. 403-410, 8.4.1902, pp. 446-456, 23.6.1902, pp. 501-510.

Kitchener was skaars twee weke in sy nuwe bevel in Melrose-huis toe genl. Koos de la Rey met die slag van Nootgedacht op 13 Desember 1900 in die Magaliesberg hom herinner het dat Wes-Transvaal 'n probleemgebied was. In hierdie geval was dit genl.maj. R.A.P. Clements wat 'n taktiese flater begaan het om sy mag teenaan 'n kwesbare kloof in die Magaliesberg met weinig wegkomkans tydens 'n aanval, te laat kamp opslaan. Vroeg in Maart 1901 het lord Roberts, nou opperbevelhebber van die algehele Britse Leër, en die Minister van Oorlog, St. John Brodrick, aan Kitchener berig dat hulle dit oorweeg om Clements voor 'n krygsraad te daag “to account for his disposition of troops and arrangements at Nootgedacht.”<sup>32</sup> Teen die einde van die maand het Roberts egter vir Kitchener laat weet dat die Minister van Oorlog nie 'n krygsraad gaan afdwing nie, maar die hoop uitspreek dat offisiere in soortgelyke gevalle in die toekoms wel voor 'n krygsraad gedaag sou word.<sup>33</sup>

Dit was belangrik dat Kitchener ná sy bevelsoorname met kragtige optrede weer momentum gee aan die Britse oorlogspoging, aangesien dit wou voorkom of die guerrillakryg van die Boere die oorlog nog lank kon uitrek. Een van die eerste take wat hy met sy bevelsoorname in Melrose-huis op hom geneem het, was om 'n sentrale Burgervredeskomitee in Pretoria te organiseer, “consisting”, soos hy op 27 Desember 1900 aan Brodrick berig het, “of influential surrendered Burghers.”<sup>34</sup> Hierdie komitee sou gevolg word deur plaaslike komitees in die res van die operasionele terrein. Hulle boodskap aan die burgers op kommando moes wees dat verdere weerstand nutteloos was en dat die burgers nie op intervensie van buitelandse moondhede kon staat maak nie.<sup>35</sup>

Albert Grundlingh aanvaar dat die oorsprong van die Burger Vredeskomitee die gesprek tussen Kitchener en die wapenneerlegger Meyer de Kock op 15 Desember was.<sup>36</sup> 'n Inskrywing in die gasteboek van die Transvaal Hotel in Pretoriusstraat op 11 Desember onthul<sup>37</sup> dat oudgeneraal Andries P.J. Cronjé van Klerksdorp, wat op 14 Junie 1900 wapen neergelê en vroeg in 1902 in die sentrale Burger Vredeskomitee opgeneem is en een van die leiers van die National Scouts sou word,<sup>38</sup> by Melrose-huis

<sup>32</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 490, Secretary of State for War – General Officer Commanding, Cape, 5.3.1901, p. 259.

<sup>33</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 511A, Roberts – Kitchener, 26.3.1901, p. 269.

<sup>34</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 424, Kitchener – Secretary of State for War, 27.12.1900, p. 236.

<sup>35</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 69.

<sup>36</sup> A.M. Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners” : Die rasionaal en verskynsel van verraad* (HAUM, Pretoria, 1979), pp. 84-85.

<sup>37</sup> Fransjohan Pretorius-versameling, *Besoekersboek, Transvaal Hotel, 11.12.1900*, p. 245.

<sup>38</sup> A.M. Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners”* (1979), pp. 85, 123, 206 en 209.

óf ’n ontmoeting met Kitchener gehad het ’n paar dae voor laasgenoemde se gesprek met De Kock, óf minstens teenwoordig was by die Kitchener-De Kock gesprek.

Vervolgens het Kitchener uit sy hoofkwartier in Pretoria die stryd kragdadig voortgesit. Sy strategie was drievoudig.<sup>39</sup> Ten eerste het hy Roberts se verskroeiende aarde-beleid verder gevoer. Offisiere in die veld is aan hulle eie diskresie oorgelaat. Die Republieke is stelselmatig verwoes. Hele dorpe, soms kerke daarby, en duisende plaasopstalle is afgebrand of verniel. Die aanslag op die Boere se weerstand is aangevul deur die vernietiging van alle voedselvoorrade wat die Britse kolonnes in die hande kon kry. Letterlik hope vee is aan ’n wrede slagting onderwerp en graan en mielies verbrand.

In die tweede plek is die stelsel van konsentrasiekampe uitgebrei waarin burgerlikes, meestal vroue en kinders, geplaas is. Volgens ’n verklaring van sir Joseph Chamberlain, Minister van Kolonies, in die House of Commons was dit om “humane” redes, maar juis die feit dat duisende plaashuise afgebrand en die vroue en kinders daarna onder dwang na die kampe vervoer is, en die openbaring dat Kitchener aanvanklik (tot Maart 1901) op verskillende behandeling vir wapenneerlêers (“refugees”) en ongewenstes (“undesirables”) aangedring het, bewys dat die kampe om militêre redes opgerig is. Dit moes inderdaad die Boereweerstand beëindig. Kitchener het gevoel dat, indien die Boerewroue en hulle kinders eers in die kampe byeengebring en voorrade vernietig is, die burgers op kommando nie meer op die plase voedsel van die vroue sou kon kry nie. Hy het geglo dat die burgers dan die wapen sou neerlê om met hulle gesinne te verenig.<sup>40</sup>

In die derde plek het Kitchener met sy dryfjagte begin. Dit was ’n metode om die kommando’s aan te jaag en vas te keer teen die blokhuislinies wat vir dié doel in ’n netwerk dwarsoor die oorlogsterrein opgerig is. Terselfdertyd is opstalle afgebrand, vee doodgemaak of gebuit en die meeste burgerlikes na die konsentrasiekampe weggevoer. Op 28 Januarie 1901 het Kitchener sy eerste groot dryfjag met 14 000 troepe en 58 kanonne in sewe kolonnes van stapel gestuur. Sy teikengebied was die Transvaalse Hoëveld tussen die Delagoabaai- en Natalspoorlyne. Kitchener het ervaar dat die meeste van die kommando’s teen dié oormag geen weerstand gebied het nie. Hulle het egter daarin geslaag om in klein groepies deur die Britse linies te breek. Kitchener se kolonnes het dwarsdeur die distrikte Ermelo, Piet Retief, Vryheid en Utrecht opgeruk en die Natalse grens teen April bereik. Met die winter van 1901 voor die deur was ’n welvarende deel van Transvaal in puin gelê.<sup>41</sup>

<sup>39</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 31.

<sup>40</sup> S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900 – May 1902* (Human & Rousseau, Cape Town, 1977), pp. 185-191.

<sup>41</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 31.

## Die Verbanningsproklamasie van 7 Augustus 1901 en sy gevolge

Kitchener was daarvan oortuig dat die burgers slegs deur hulle hardkoppige leiers op kommando gehou word. Op 19 Junie 1901 het hy gevolglik uit Melrose-huis met 'n voorstel aan Chamberlain gekom dat hy 'n proklamasie uitvaardig waarin die Boereleiers gedreig word om voor 'n bepaalde datum oor te gee, anders konfiskeer hy hulle eiendom en stuur hulle met lewenslange verbanning uit Suid-Afrika.<sup>42</sup> Op 30 Julie 1901 het hy die saak weer by Brodrick aangeroer.<sup>43</sup>

Eindelik het Kitchener op 7 Augustus 1901 sy berugte verbanningsproklamasie uit Melrose-huis uitgereik. Alle kommandante, veldkornette, "leaders of armed bands" en lede van die regering van die twee republieke wat volgehou het om die Britse magte na 15 September 1901 te weerstaan, sou permanent uit Suid-Afrika verban word. Daarbenewens sou inkomste uit hulle roerende en onroerende eiendom verkry word om vir die onderhoud van hulle families in die konsentrasiekampe te betaal.<sup>44</sup> Die proklamasie het egter geen sukses gehad nie. Pres. Steyn en waarnemende pres. Schalk Burger, asook genls. Louis Botha, Christiaan de Wet en Koos de la Rey het almal sterk in korrespondensie teenoor Kitchener gereageer. In 'n uitgebreide en geartikuleerde brief, waarin hy Kitchener se reg verwerp het om 'n verbanningsproklamasie uit te vaardig, het Steyn onder meer geskryf: "UEx.'s jurisdictie strekt slechts zoo ver als UEx.'s kanonnen kunnen bereiken."<sup>45</sup> Dit kom as geen verrassing nie dat daar in reaksie 'n algemene herlewing van Boereweerstand in die veld was.

## Die Van Warmelo's se spioenasiebedrywighede

'n Kleurvolle en ironiese invalshoek op Melrose-huis as hoofkwartier van die Britse opperbevel tydens die Anglo-Boereoorlog, het te make met gebeure wat juis nie in die huis self plaasgevind het nie, maar slegs 'n paar honderd meter suidoos daarvan. Dit was natuurlik die spioenasiebedrywighede uit "Harmonie", die huis van die weduwee van ds. N.J. van Warmelo en hulle dogter Hansie net oorkant die Apiesrivier

<sup>42</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 602, Kitchener – Secretary of State for War, 19.7.1901, p. 299.

<sup>43</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 608, Kitchener – Secretary of State for War, 30.7.1901, p. 302.

<sup>44</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (2010), pp. 27-28.

<sup>45</sup> N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n Lewensbeskrywing*, II (Nationale Pers, Kaapstad, 1921), p. 30. Vir die Engelse vertalings van hierdie reaksie kyk TAB, A2044, Houer 2, South African Despatches, Vol. III, Botha – Kitchener, 17.8.1901, pp. 154-155; De la Rey – Kitchener, 19.8.1901, pp. 155-156; De Wet – Kitchener, 15.8.1901, p. 161; Steyn – Kitchener, 15.8.1901, pp. 161-165; Burger – Kitchener, 5.9.1901, p. 180-183.

in Walkerstraat. Hansie sou kort ná die oorlog met ds. Louis Brandt in die huwelik tree en as Johanna Brandt die bekende *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in geheime dienst* (HAUM, Kaapstad, 1913) skryf. Gedurende die Britse besetting het sy en haar moeder letterlik onder die neus van die Britse opperbevelhebber in Melrose-huis 'n spioenasie- en skakeldiens vir die Boere-leërleiding gedoen. Van tyd tot tyd het hulle Boerespioene ontvang of gehuisves, soos kapt. J.J. Naudé, en hulle van inligting oor die Britte voorsien. Hansie het 'n geheime kode vir haar geskrewe verslae en in haar dagboek gebruik wat slegs leesbaar geword het wanneer die bladsy met 'n warm strykyster gestryk is.<sup>46</sup>

Dié bedrywighede het vir spanningsvolle momente gesorg. Vanweë haar amptelike hulp in die konsentrasiekamp by Irene het Hansie van Warmelo direkte toegang tot die militêre goewerneur, genl.maj. sir John Maxwell, gehad. Op 18 Julie 1901 was sy trouens met 'n geheime pakkie per fiets op pad huis toe wat via Lourenco Marques uit Europa by 'n ander geheime agent in Pretoria opgedaag het en 'n mengsel bevat het om dinamiet te vervaardig, toe sy besluit om met die pakkie onder haar klere versteek by Maxwell op Kerkplein aan te gaan om met hom oor haar beoogde besoek aan die konsentrasiekamp te praat.<sup>47</sup> En op 15 Augustus 1901 het Hansie op versoek van Naudé deur middel van 'n vriend die geheime Britse militêre spoortydtabel in die hande gekry en saam met 'n aantal knipsels uit Europese pro-Boer koerante met drie Boerespioene uitgesmokkel.<sup>48</sup>

Dit sê veel vir die Britse intelligensie in Pretoria dat hierdie bedrywighede so digby Melrose-huis ongesiens plaasgevind het.

## Die Morant-Handcocksak

'n Netelige saak vir Kitchener om te hanteer was ongetwyfeld die opspraakwekkende optrede van lede van die Bushveldt Carbineers in Noord-Transvaal en meer spesifiek die Morant-Handcock-geval – veral omdat Kitchener waarskynlik juis gesorg het om van Melrose-huis afwesig te wees rondom die teregstelling van lte. Harry (“Breaker”) Morant en Peter Handcock op 27 Februarie 1902. Die Bushveld Carbineers was 'n Britse eenheid wat op 21 Februarie 1901 gestig is om die Boere se guerrilla-optredes in die distrikte Waterberg en Zoutpansberg in Noord-Transvaal te beëindig. Lede moes goed kon skiet en perdry. Die bevelvoerder, maj. R.W. Lenahan, en die meeste offisiere was Australiërs, terwyl net minder as helfte van die troepe Australiërs was.

<sup>46</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (2010), pp. 471-472.

<sup>47</sup> J. Grobler (ed), *The war diary of Johanna Brandt* (Protea, Pretoria, 2007), pp. 295-296, noot 14.

<sup>48</sup> J. Grobler (ed), *The war diary of Johanna Brandt* (2007), pp. 317-318, noot 56.

Die Carbineers was 'n doeltreffende mag en het geopereer van Strydpoort suid van Pietersburg tot by Louis Trichardt aan die voet van die Zoutpansberg. Soos die Boere, het hulle patrollies sonder transportwaens lig en vinnig beweeg.<sup>49</sup>

Op 6 Augustus 1901 het kapt. Percy Hunt, bevelvoerende offisier by Fort Edward in Louis Trichardt, en sers. F. Eland in 'n aanval op 'n groepie Boere op die plaas Duivelskloof, noordoos van Pietersburg, gesneuwel. Lt. Harry Morant was buite homself van woede toe hy verneem dat die Boere sy vriend, Hunt, se liggaam geskend het.<sup>50</sup> (Daar is terloops nie finale bewys dat die skending wel deur die Boere gedoen is nie).<sup>51</sup> Vergesel van lte. Peter Handcock en G.R. Witton het Morant die vyand agtervolg en 'n gewonde Boer wat krygsgevangene geneem is, sonder behoorlike verhoor tereggestel. Vir Morant het weerwraak aangebreek. Handcock het sonder vrae saamgewerk. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle mondelinge goedkeuring van Kitchener gehad het om voortaan geen krygsgevangenes te neem nie. Dit was dan ook hulle handelswyse in die volgende paar maande. Die moord op eerwaarde Daniel Heese, sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap, wat getuie was van die teregstelling van agt Boerekrygsgevangenes naby Elim, het die saak in 'n internasionale kwessie omskep en Morant-hulle se lot verseël. Op 4 Oktober 1901 het van die onder-offisiere en manskappe op Pietersburg van die ongerymdhede geopenbaar. 'n Behoorlik gekonstitueerde krygsraad op Pietersburg wat op 17 Januarie 1902 'n aanvang geneem het, het Morant en Handcock op 21 Februarie aan die moord op Boerekrygsgevangenes skuldig bevind en ter dood veroordeel. Whitton se doodsvonnis is versag tot 'n lewenslange vonnis (hy is in 1904 vrygelaat). Om 06:00 die oggend van 27 Februarie 1902 is Morant en Handcock in die Pretoriase gevangenis voor 'n vuurpeloton tereggestel en in 'n gesamentlike graf in die begraafplaas in Kerkstraat begrawe.<sup>52</sup>

Die verweer dat hulle van Kitchener mondelinge goedkeuring ontvang het om geen krygsgevangenes te neem nie, berus op die bewering, dat kol. Hubert Hamilton, Kitchener se militêre sekretaris, hierdie boodskap op 'n aand, ongeveer 11 Julie 1901, aan kapt. Hunt oorgedra het. Dit het glo net buite die stalle op die terrein van Melrosehuis plaasgevind.<sup>53</sup> In die verhoor het Hamilton hierdie bewering ontken.<sup>54</sup>

<sup>49</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (2010), pp. 67-68.

<sup>50</sup> F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (2010), p. 68.

<sup>51</sup> A. Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers* (Second Series No. 18, Van Riebeeck Society, Cape Town, 1987), pp. xliii-xlv.

<sup>52</sup> A. Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers* (1987), pp. 74, 112, 126, 139 en 142; F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Maryland, 2010), p. 68.

<sup>53</sup> N. Bleszynski, *Shoot straight, you bastards! The truth behind the killing of 'Breaker' Morant* (Random House Australia, Sydney, 2002), pp. 142-143.

<sup>54</sup> A. Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers* (1987), p. xxxiv.

Inderdaad moes die Morant-Handcock-saak vir Kitchener 'n verleentheid gewees het. Tussen 9 en 15 Oktober 1901 is verklaringe van die fluitjieblasers in Melrose-huis onder leiding van die provoosgeweldiger (Provost Marshal), maj. R.M. Poore, afgeneem. Volgens 'n Londense koerant, die *Morning Leader* van 3 April 1902, was Kitchener persoonlik teenwoordig en het hy die arrestasies van die verdagtes gelas – omstandighede wat vir hom glo “very painful” was.<sup>55</sup>

Kitchener, wat nie altyd gretig was om sy owerhede in Londen volledig op die hoogte van sake te bring nie,<sup>56</sup> het eenvoudig teenoor hulle oor die aangeleentheid geswyg. Op 8 Januarie 1902 het Roberts uit Londen by hom navraag gedoen oor bewerings van moord wat ene James Kay in 'n brief aan sir Joseph Chamberlain gemaak het teen offisiere van die Bushveldt Carbineers wat glo in arres geplaas is.<sup>57</sup> Kitchener het die volgende dag bondig geantwoord: “Charges have been framed and case is being tried”, en navraag gedoen oor Roberts se bron.<sup>58</sup> Roberts het Kitchener laat weet dat daar geen rede vir agterdog teen Kay was nie.<sup>59</sup>

Steeds was Kitchener suinig met sy verslae aan sy owerhede, want op 18 Februarie 1902 het Brodrick hom besorgd meegedeel dat verdere ernstige verslae hom bereik het oor die optrede van die Bushveldt Carbineers. “What has been done to them? What was the result of the trial?”, wou hy weet.<sup>60</sup> Drie dae later kon Kitchener aan hom die uitslag bekend maak. Hy wou van Brodrick weet of dié hom ondersteun in sy voorneme om die doodsvonnis op Morant en Handcock goed te keur en Whitton se vonnis na lewenslank te versag.<sup>61</sup> Brodrick se reaksie was dat die omstandighede en getuienisse nie voor hom was nie, “but we are prepared to support the conclusion you have arrived at.”<sup>62</sup> Drie dae later is die vonnis op Morant en Hancock voltrek.

Van belang vir die onderhawige onderwerp, is dat Kitchener gesorg het dat hy die dag van die teregstelling uitstendig was en nie by Melrose-huis beskikbaar was vir enige verhoë tot begenadiging nie. Hy het klaarblyklik die aand van 26 Februarie per trein na Harrismith in die noordoos-Vrystaat vertrek, waar hy die

<sup>55</sup> A. Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers* (1987), pp. 74-75.

<sup>56</sup> Kyk L.S. Amery (ed), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, V (Sampson Low, Marston and Co., London, 1907), pp. 411-412.

<sup>57</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 812, Roberts – Kitchener, 8.1.1902, p. 364.

<sup>58</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 816, Kitchener – Secretary of State for War, 9.1.1902, p. 365.

<sup>59</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 828, Roberts – Kitchener, 14.1.1902, p. 368.

<sup>60</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 933, Secretary of State for War – Kitchener, 18.2.1902, p. 395.

<sup>61</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 940, Kitchener – Secretary of State for War, 21.2.1902, p. 397.

<sup>62</sup> TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 954, Secretary of State for War – Kitchener, 24.2.1902, p. 400.



oggend van 27 Februarie as waarnemer aangekom het by die operasie van genl.maj. Henry Rawlinson wat uitgeloopt het op die oorgawe van bykans agthonderd Boere, hoofsaaklik onder kmdt. Jan Meyer van die Harrismithkommando.<sup>63</sup> En, hoewel sir Percival Marling in sy dagboek aangeteken het dat Kitchener reeds die oggend van 28 Februarie by sy hoofkwartier in Melrose-huis terug was,<sup>64</sup> het Kitchener daardie oggend om 11:00 nog ’n telegram van Harrismith af aan sy stafhoof, lt.genl. sir Ian Hamilton, in Melrose-huis gestuur,<sup>65</sup> en die seëvierende troepe tegemoet gery.<sup>66</sup>

## Die Vrede van Vereeniging

Ná twee jaar en agt maande het die vrede gekom. Die bal is aan die rol gesit deur ’n nota wat die Nederlandse premier, dr Abraham Kuyper, op 25 Januarie 1902 aan die Britse regering gerig het. Daarin het hy sy regering se dienste aangebied om as skakel te dien vir ’n gedagtewisseling oor vrede tussen die regerings van Brittanje en die twee republieke.<sup>67</sup>

Uit Melrose-huis het ’n opgewonde Kitchener – hy wou immers die oorlog agter die blad kry sodat hy op die pos van opperbevelhebber van die Britse Leër in Indië kon aanspraak maak – ’n afskrif van die briefwisseling daarvoor aan die Transvaalse, maar nie aan die Vrystaatse regering nie, gestuur. Ondervinding het hom vertel dat Steyn en De Wet die aanbod onmiddellik van die hand sou wys, maar dat ’n weifelende Schalk Burger alleen genader moet word om ’n wig in Boeregeledere in te dryf.<sup>68</sup> Dit is ook soos Steyn dit bitter verstaan het.<sup>69</sup>

Dit het gelei tot ’n byeenkoms van die twee Boereregerings tussen 9 en 11 April in Klerksdorp en ’n gesprek tussen 12 en 17 April met Kitchener by Melrose-huis in Pretoria, waarby lord Milner, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, hom op

<sup>63</sup> The National Archives, Kew, W.O. 108/97, Part 1, Telegram, Kitchener, Harrismith – Chief of Staff, Pretoria, 12:00, 27.2.1902.

<sup>64</sup> P. Marling, *Rifleman and Hussar* (John Murray, London, 1931), p. 96, soos aangehaal in A. Davey (ed), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers* (1987), p. xli, noot 98.

<sup>65</sup> The National Archives, Kew, W.O. 108/97, Part 1, Telegram, Kitchener, Harrismith – Chief of Staff, Pretoria, 11:00, 28.2.1902.

<sup>66</sup> F.M. Maurice & M.H. Grant (eds), *History of the war in South Africa 1899-1902*, IV (Hurst and Blackett, London, 1910), p. 429.

<sup>67</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 35.

<sup>68</sup> F. Pretorius, “Deze vergadering... beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan...” ’n Ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 76-78.

<sup>69</sup> N.J van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: ’n Lewensbeskrywing*, II (1921), pp. 71 en 82-83.

14 April gevoeg het. Die Boereleiers het by die huis Parkzicht direk oos langsaan Melrose-huis gebly – die eiendom van Karel Rood.<sup>70</sup>

Daar is besluit dat die vegtende burgers ’n aantal verteenwoordigers sou kies wat dan op 15 Mei by Vereeniging bymekaar sou kom. Hulle moes dan oorweeg of daar met die Britse regering oor vrede onderhandel sou word met erkenning van hulle onafhanklikheid as republieke, al dan nie.<sup>71</sup>

By Vereeniging het die sestig afgevaardigdes van die Transvaalse en Vrystaatse kommando’s tussen 15 en 17 Mei samesprekings onder voorsitterskap van genl. Christiaan Beyers gevoer. Steyn, wat deur ’n verlamming van die spiere aangetas was, het slegs een of twee vergaderings bygewoon. Uiteenlopende standpunte is gehuldig oor die wenslikheid om die stryd voort te sit. Die ellende van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe, die toenemende gevaar wat gewapende swartes vir die burgers op kommando en die gesinne in die veld ingehou het, die verwoesting waarin die twee republieke verkeer het en die gevolglike gebrek aan voedsel, het as faktore sterk oorweging geniet.<sup>72</sup>

Op 19 Mei het ’n kommissie, bestaande uit genls. Botha, De Wet, De la Rey, J.B.M. Hertzog en staatsprokureur genl. J.C. Smuts, die afgevaardigdes se voorstelle by Melrose-huis in Pretoria aan Kitchener en Milner voorgelê. Uit die notule van J.D. Kestell en D.E. van Velden kan mens aflei dat dit in die eetkamer plaasgevind het, waar die vrede later onderteken sou word.<sup>73</sup> Die belangrikste was die afstanddoening deur die republieke van hulle buitelandse betrekkinge en die aanvaarding van ’n Britse protektoraat. In hulle reaksie het Kitchener en Milner onomwonde verklaar dat slegs onderhandel kon word op die grondslag van die volkome prysgawe van die republieke se onafhanklikheid.

Milner en Kitchener het oor die onderwerping van die republieke nie eenderse standpunte gehuldig nie. Milner wou graag ’n algehele militêre onderwerping sien – die oorlog moes voortgaan tot van die Boereleiers nie een meer oor was nie, anders sou ná die oorlog outomaties na hulle deur die burgers van die gewese republieke as die politieke leiers opgesien word. En in Kitchener het Milner weinig vertroue gehad, aangesien hy volgens hom te toegeeffik en vaag met sy toegewings was.<sup>74</sup> Daarteenoor

<sup>70</sup> W.J. de Kock, *Die Vrede van Vereeniging*, in J.H. Breytenbach (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1949), p. 319.

<sup>71</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 35.

<sup>72</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 35.

<sup>73</sup> J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelinge tussen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (J.H. de Bussy, Amsterdam, 1909), p. 214 – Die eetkamer “waar er zooveel gesproken werd”.

<sup>74</sup> W.J. de Kock, *Die Vrede van Vereeniging*, in J.H. Breytenbach (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (1949), pp. 312-313.

wou Kitchener ’n einde aan die oorlog hê. Trouens, sy toenemende ongeduld om die voortslepende oorlog te beëindig, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan sy genoemde strewe om beskikbaar te wees vir die aanstelling as opperbevelhebber van die Britse Leër in Indië. Hierdie ongeduld is juis weerspieël deur sy kragdadiger toepassing van die verskroeiende aarde-beleid.<sup>75</sup>

Vir die volgende tien dae, 19 tot 28 Mei, het die gesprek dus na Melrose-huis verskuif. Smuts en Hertzog het vervolgens met Milner die vredesvoorwaardes uitgewerk. Op 21 Mei is dit na Brittanje gestuur vir goedkeuring deur die regering. ’n Week later, op 28 Mei, is die antwoord van die Britse regering aan die Boerekommissie in Melrose-huis voorgelê. Die dokument het tien klousules bevat, en die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging moes dit teen Saterdagmiddag 31 Mei aanvaar of verwerp met slegs ’n “ja” of ’n “nee”.

Dit het bepaal dat die burgers op kommando die wapen moes neerlê en koning Eduard VII as hulle wettige soewerein moes erken. Krygsgevangenes sou na Transvaal en die Oranjerivierkolonie teruggebring word, mits hulle die eed van getrouheid aan die Britse kroon sou aflê. Sodanige persone sou hulle persoonlike eiendom en vryheid behou. Die Nederlandse taal sou op skool onderrig word en in die howe toegelaat word. Sodra omstandighede dit toelaat, sou selfbestuur aan Transvaal en die Oranjerivierkolonie verleen word. Die kwessie van stemreg vir swart mense sou nie beslis word voordat selfregering nie ingestel was nie. Die Britse regering sou ’n bedrag van £3 miljoen beskikbaar stel vir die heropbou van die twee nuwe kolonies.<sup>76</sup>

Tussen 29 en 31 Mei het die Boere-afgevaardigdes weer by Vereeniging beraadslaag. Hiervan getuig De Wet, wat sedert 29 Mei as staatspresident van die Vrystaat in die plek van Steyn moes waarneem: “Wat was het voor deze Vergadering een foltering om er toe te besluiten het voorstel van de Britsche Regeering aan te nemen. Welk een doodstrijd daar gestreden werd kon op de trekken van ieder aangezicht gelezen worden.”<sup>77</sup> En ván De Wet het ds. J.D. Kestell ná die oorlog simpatiek getuig: “Ik zie hem nog, dien onbuigbaren man, met zijn doordringende oogen zijn sterken mond en kin – ik zie hem nog daar als een leeuw in een hinderlaag gevallen. Hij wil niet, hij kan niet, maar hij moet den strijd opgeven.”<sup>78</sup> Swaar soos dit vir hulle was, het die afgevaardigdes uiteindelik met 54 stemme teen ses die voorwaardes aanvaar soos by Melrose-huis ooreengekom is.

<sup>75</sup> S.B. Spies, Horatio Herbert Kitchener, in W.J. de Kock & D.W. Krüger (reds), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Tafelberg, Kaapstad, 1972), p. 375.

<sup>76</sup> F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1985), p. 35.

<sup>77</sup> C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit* (Höveker en Wormser, Amsterdam, 1902), p. 384.

<sup>78</sup> J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: Mijne ervaringen als veldprediker* (Höveker en Wormser, Amsterdam, 1903), p. 276.

Plegtig het Schalk Burger vir die laaste keer by 'n vergadering van afgevaardigdes van die republieke gepraat: “Wij staan hier bij het graf van de twee Republieken... Laat ons onze hand niet terug trekken van te doen wat onze plicht is. Laat ons God bidden ons te leiden en ons te wijzen, hoe wij ons volk bij elkander zullen houden...”<sup>79</sup>

Die lede van die twee Boereregerings het daarop per trein na Pretoria gereis. Skuins voor elfuur die aand kom hulle by Melrose-huis aan, waar hulle in die ruim eetkamer die besluit van die afgevaardigdes nog 'n keer deurlees. Dan kom Milner en Kitchener die vertrek binne en neem langs mekaar aan die hoof van die tafel plaas. Die notule van J.D. Kestell en D.E. van Velden sê pertinent Milner en Kitchener sit aan die suideinde van die vertrek,<sup>80</sup> dit wil sê met hul rûe teen die suide-venster. Die silwer plaatjie met nabootsings van die handtekening van die ondertekenaars wat op die tafel aangebring is, is tans aan die noorde-end van die tafel (naaste aan die deur) en die tafel moet dus na regte 180 grade omgedraai word.

Aan Milner se linkerkant neem die Transvaalse lede plaas, en die Vrystaatse lede aan Kitchener se regterkant.<sup>81</sup> Later daardie aand sou Milner aan 'n vriend skryf: “If anything could make me relent towards Boers, it was the faces of some of the men who sat round the table to-night. There was no mistaking the fact that some of them felt it deeply, with all their characteristic self-possession.”<sup>82</sup>

Dit is vyf oor elf die aand van Saterdag, 31 Mei 1902.<sup>83</sup> Waarnemende president Burger van Transvaal teken eerste. Dan is dit staatssekretaris F.W. Reitz se beurt. In 'n dramatiese gebaar staan hy op, en, met die pen in die regterhand verklaar hy plegtig dat hy sy naam bloot as staatssekretaris teken – nie as F.W. Reitz nie (Figuur 4). Dan is dit die beurt van Botha, De la Rey, genl. Lukas Meyer, en J.C. Krogh aan die onderpunt van die tafel. Die dokument word oorgeskuif na waarnemende president De Wet van die Vrystaat. Vervolgens teken Hertzog, dan waarnemende goewermentsekeretaris

<sup>79</sup> J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (1909), pp. 212-213.

<sup>80</sup> J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (1909), p. 214.

<sup>81</sup> J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (1909), p. 214.

<sup>82</sup> C. Headlam (ed), *The Milner Papers: South Africa 1899-1905*, II (Cassell, London, 1933), Letter, Milner – Friend, 31.5.1902, p. 365.

<sup>83</sup> Om 23:15 (kwart oor elf) die aand van 31 Mei 1902 het Kitchener vir Brodrick per telegram laat weet dat die vredesvoorwaardes daardie aand om half-elf (22:30) onderteken is (TAB, A2044, Houer 1, Confidential Telegrams, No. 940, Kitchener – Secretary of State for War, 31.5.1902, p. 467). Aangesien Kestell en Van Velden se notule egter die tyd so pertinent as vyf oor elf (23:05) aandui, aanvaar skrywer hulle tydsaanduiding, ook omdat die ondertekening vinnig geskied het en Kitchener in staat en begerig sou wees om die nuus van die vrede onmiddellik aan Brodrick deur te stuur.

W.J.C. Brebner. Genl. C.H. Olivier teken laaste namens die Boere. Ten slotte teken Kitchener as “Kitchener of Khartoum”, en Milner skribbel slegs “Milner”.<sup>84</sup>



**Figuur 4:** Die ondertekening van die Vrede. Staatsekretaris F.W. Reitz staan orent, pen in die hand, en verklaar plegtig dat hy sy naam bloot as staatsekretaris teken – nie as F.W. Reitz nie.  
(Foto: Melrose-huis)

Aangrypend lees die notule van die verrigtinge:

*Het document was geteekend. Alles zwijgt in dat vertrek, waar er zoo veel gesproken werd. Nog zit men een oogenblik stil. Daar staan de leden van de Regeeringen der nu gewezen Republieken als verbijsterd op om de zaal te verlaten. Lord Kitchener gaat van den een tot den ander en biedt ieder de hand: “We are good friends now!” zegt hij. Daarop verliet men de zaal.*<sup>85</sup>

Vriende. Maar vir die bittereinder-Boere ’n vrede sonder vryheid.

<sup>84</sup> F. Pretorius, “Deze vergadering... beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan...” ’n Ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 95-96.

<sup>85</sup> J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (1909), pp. 214-215.

## Afloop

Lord Kitchener het haastig klaar gemaak om na Londen terug te keer om die aanstelling as opperbevelhebber van die Britse Leër in Indië te aanvaar (Julie 1902 tot September 1909). Op Sondag 8 Junie, waarskynlik ná die dankdiens wat vir vrede op Kerkplein gehou is, het hy met sy staf vir 'n foto buite die suidoostelike hoek van Melrose-huis geposeer (Figuur 5). Op 20 Junie vertrek hy per trein na Kaapstad, waar hy drie dae later arriveer en onmiddellik na Londen vertrek.<sup>86</sup> Vir sy diens aan die Britse Ryk het hy die dank van die Britse parlement ontvang, 'n bedrag van £50 000 en 'n burggraafskap.<sup>87</sup>



**Figuur 5: Lord Kitchener (sittend in die middel) en sy staf afgeneem op 8 Junie 1902 buite die suidoostelike hoek van Melrose-huis. (Foto: Melrose-huis)**

<sup>86</sup> G. Arthur, *Life of Lord Kitchener*, III (Macmillan, London, 1920), p. 109.

<sup>87</sup> TAB, A2044, Confidential Telegrams, No. 1200, Brodrick – Kitchener, 4.6.1902, p. 470.

Met die oorlog verby het George Heys uit Londen Melrose-huis opnuut aan die Britse regering aangebied vir die verblyf van Kitchener se opvolger, genl. sir Neville Lyttelton, en sy vrou, teen £100 per maand. Teen die einde van Februarie 1903 het die Lytteltons na Roberts' Heights verhuis, en kon die Heys-gesin in die eerste week van April 1903 eindelijk weer hulle intrek neem en as deel van die sosiale elite van Pretoria hulle rol vervul.<sup>88</sup>

Melrose-huis het tot in 1968 in die besit van die Heys Familietrust gebly, toe dit deur die Stadsraad van Pretoria as 'n museum aangekoop is. Die struktuur van die huis het oor die jare dieselfde gebly, en die meeste van die meubels en dekoratiewe versierings wat aan die familie behoort het, is saam met die huis aangeskaf. Op 17 Mei 1971 het skrywer die voorreg gehad om die inwyding van die huis as museum, waargeneem deur die voormalige staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, C.R. Swart, by te woon. Tussen 1990 en 1992 is groot restorasie en renovasie aan die huis en die meubilering gedoen, om te wys hoe Melrose-huis in die tydperk 1895 tot 1905 gelyk het.<sup>89</sup> Dit is inderdaad 'n sieraad vir Pretoria.

---

<sup>88</sup> B. Theron, *George Jesse Heys (1852-1939) in Pretoria*, (2005), p. 144.

<sup>89</sup> [http://www.melrosehouse.co.za/house\\_tour/photo1.htm](http://www.melrosehouse.co.za/house_tour/photo1.htm).